

# *Nuwe Lied Bediening*

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: [kontak@nuwelied.info](mailto:kontak@nuwelied.info)

Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

## **TORAH (WET) EN GENADE**

### **LES 7: TORAH MY HARTSBEGEERTE**

**N**ota: In hierdie studie word die ware Name van die Vader en Messias (Die Gesalfde Een) gebruik, naamlik:

- ❖ **YHVH** (die HERE; In Hebreeus יהוה en getransliterer as YHVH en uitgespreek as Yahuah), en
- ❖ **Yeshua Messias** (Jesus Christus).

#### **INLEIDING**

1. Torah, naamlik al die onderrig, instruksies en leerstellings van YHVH soos in die Bybel opgeteken is, is die fondament waarop die hernieude (nuwe) verbond gebou is en is steeds die lig op die pad van die gelowige in Messias. Daarom moet elke gelowige se doelwit wees om volgens Torah te leef, maar met die sekere wete dat ons nie meer onder die oordeel van Torah staan nie, maar onder die genade van YHVH in Yeshua Messias.
2. Hierdie genade deur geloof in Yeshua as Verlosser en Middelaar bring 'n hartsverandering teweeg waar Torah nou 'n vreugde word en dit my leer en lei om te lewe as 'n geregverdigde. YHVH se Torah (wet) is nou in my verstand gegee en op my hart geskrywe (Heb. 8:10). Met my verstand (my gees) ontvang ek die openbaringe van die seëninge en waarde van Torah vir my lewenspad, en my gees getuig hiervan. In my hart (my wil, denke en emosie) is daar die begeerte om in alles aan die Vader gehoorsaam te wees.
3. Dit gaan nou nie meer oor die letter van die wet nie, maar oor die gees van die wet. My gees en siel vind nou vreugde in Torah. Dit is nou 'n liefdesaak, naamlik YHVH se liefde vir my deur die vergifnis en versoening in Messias, en my liefde vir YHVH deur sy Torah te bewaar (nougese te volg). Elkeen wat Sy woord (Torah) bewaar, in hom het die liefde van God waarlik volmaak geword (1 Joh. 2:5). Die bewaring van Torah is die wyse wat die mens die liefde van YHVH kan beantwoord. Dit is ook die bevestiging dat ons Hom waarlik ken en in Hom bly (1 Joh. 2:4 en 6).

## **DIE WIL EN DIE VLEES**

1. 'n Torah leefwyse is die pad van afsondering (heiligmaking) en volmaaktheid. Hoe meer rein en heilig die gelowige se hart word, hoe meer sensitief sal dit wees vir enige sonde en hoe meer sal die besef posvat dat die wet (Torah) heilig, regverdig en goed is (Rom. 7:12). Daarom neem die begeerte en die wil om volgens Torah te leef steeds daaglik toe.
2. Hierdie wil en begeerte voer egter stryd teen die vlees, want dit wat ek nie wil doen nie, dit doen ek (Rom. 7:21). Hoewel ek my verlustig in Torah (Rom.7:22), want dit is vir my louter vreugde, is daar ook 'n ander wet in my werksaam wat deur my vlees gevoed word. Hierdie is die wet van die sonde en die dood wat my gevange neem (Rom. 7:23). My gees en my siel voer dus stryd teen my vlees. Ek weet dat dit wat die vlees bedink vyandskap teen God is, want die vlees onderwerp hom nie aan Torah nie, want dit kan ook nie (Rom. 8:7). Met die vlees kan ek nie God behaag nie (Rom. 8:8), want dit wat die vlees bedink is die dood. Dit wat die Gees egter bedink is lewe en vrede (Rom. 8:6).
3. Daarom moet ek deur die Gees geleer en gelei word sodat ons deur die Gees die werke van die vlees kan doodmaak en kan lewe (Rom. 8:13). Wanneer ons op die wyse deur die Gees van YHVH gelei word, dan is ons Sy kinders (Rom. 8:14). Dan het ons nie meer die gees van slawerny wat vrees vir Torah het nie, maar ons het die Gees van aanneming (kindschap) ontvang wat uitroep: Abba, my Vader (Rom. 8:15).
4. Alleenlik Yeshua Messias kan my verlos van die sondige vlees (Rom. 7:23). In Hom is daar nou geen veroordeling vir die wat nie na die vlees wandel nie, maar wel volgens die Gees (Rom. 8:1). Die wet van die Gees van die lewe in Yeshua Messias het my dus vrygemaak van die wet van die sonde en die dood (Rom. 8:2). Volgens YHVH se genadevoorsiening het my geloof in die versoeningswerk van Messias die sonde in my veroordeel sodat die straf wat die wet vereis, vervul kon word (Rom. 8:3 en 4).
5. Ek leef dus volgens Torah in Yeshua as vrygemaakte van die vloek van die wet. Ek weet dat die vlees nie aan YHVH onderdanig wil wees nie, maar die oorsaak is dat ek soms struikel. Dit bring 'n toenemende besef van my eie onvermoë om aan die vereistes van die wet te voldoen. Die gevolg hiervan is weer 'n toenemende besef van die groot genade van Vader-God met wie ons deur geloof in Messias versoen is, want telkens ontvang ons weer vergifnis sonder om geoordeel te word.
6. Die absolute strengheid van Torah en die onvermoë om al YHVH se onderrig en instruksies te hou, en nie in een opsig te struikel nie, het die

besef by die mens tuisgebring dat redding slegs deur genade en geloof kan plaasvind. Al die offerhandes van die ou verbond was 'n heenwysing en skadubeeld van Yeshua Messias wat ons geregtigheid in YHVH is en wat die vloek van die wet op Hom geneem het. Derhalwe is die mens onder die ou verbond ook slegs deur geloof in die belofte van die Messias geregverdig verklaar.

7. Die Torah is dus nie tot niet verklaar na die kruisdood en opstanding van ons Messias nie. Ons geloof in die versoeningswerk aan die kruis is juis die bevestiging van die geldigheid van die wet (Rom. 3:31). Die vereiste straf wat oortreding van die wet (Torah) vereis, is egter bevredig deur die kruisdood van Yeshua. Hy was die onskuldige eenmalige offer wat in die plek van die skuldige gesterf het. Daarom sal elkeen wat in Yeshua Messias as die versoeningsoffer glo nie beskaamd staan nie, maar geregverdig verklaar word.

## **'N HARTSGESINDHEID**

1. Dit gaan alles oor 'n hartsgesindheid. Onder die genade en deur geloof in Yeshua Messias, word my gees vernuwe deur wedergeboorte en word die hart van klip vervang met 'n hart van vlees. Hierdie vernuwing en hartsverandering bring die wil en begeerte om Torah nougeset te volg (Eseg. 11:19). Dit is 'n wil en 'n begeerte om soos Yeshua Messias te wandel (1 Joh. 2:6), naamlik volgens die onderrig, instruksies en wysheid van Vader-God.
2. Al wat dit vereis, is om soos Paulus te kan sê: *Want ek verlustig my in die wet van God na die innerlike mens* (Rom. 7:22). Torah is my vreugde en ek smag na die heiligmaking wat dit meebring.
3. As wilde olyftak wat op die ware olyfboom ingeplant is, kan ek nou deel hê aan die voedingsbron in Yeshua en die seëninge wat dit bring. Ek sal verkwik word deur die vettigheid van my Vader se huis (Ps. 36:9; Ps.63:6; Rom. 11:17), want my siel is aan my Vader verkleef en Sy regterhand ondersteun my (Ps.63:9).
4. Soos Dawid begeer ek ook 'n rein hart en 'n vaste gees (Ps. 51:12). 'n Suiwer hart vol geloofsekerheid wat deur besprenkeling gereinig is van 'n slegte gewete en die liggaam gewas met rein water (Heb. 10:22). Dit is met so 'n hartsgesindheid wat Torah my vreugde is.
5. Ons hou vas aan die belofte soos in Jer. 32:39 tot 41 opgeteken is:

*En Ek sal hulle een hart en een weg gee om My altyd te vrees, hulle ten goede en hulle kinders ná hulle. En Ek sal 'n ewige verbond met hulle sluit, dat Ek My van hulle nie sal afwend om aan hulle goed te doen nie; en Ek sal my vrees in hulle hart gee, sodat hulle van My nie afwyk nie. En*

*Ek sal My oor hulle verheug om aan hulle goed te doen; en Ek sal hulle duursaam in hierdie land plant, met my hele hart en met my hele siel.*

### **BEPEINS OF BESPREEK DIE VOLGENDE**

1. Diegene wat Torah verwerp of wysig, verwerp inderwaarheid die genade wat God die Vader in Sy Seun vir die mens bied. Yeshua Messias is Torah en die twee is onafskeidbaar. Jy het of albei lief of jy verwerp albei.

Shalom tot volgende keer.  
Johan Kriel

Epos: [kontak@nuwelielied.info](mailto:kontak@nuwelielied.info)

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*